# ONS UNIVERSITEIT EN SY TOEKOMS.

## 1.

Besonder hoë eise word in ons eeu aan die universiteit gestel.

Terwyl dit in vroeë eeue hom as't ware as 'n ivoortoring kon openbaar in die volkslewe of as 'n eiland binne die groot oseaan van die maatskaplike lewensee kon handhaaf of as 'n afsydige inrigting sy eie weg van die onderrig en ondersoek van menslike kennis kon gaan, staan dit vandag midde in die stroom van die menslike denke en handeling, is dit vandag die intellektuele kragsentrale van waar die volkslewe opgewek word, word dit dié vraagstuk waarheen allerlei wetenskaplike, kulturele en nasionale vrae vir beantwoording gestuur word, en is dit die plek waar alle volksleiers op die gebied van die wetenskap en die kuns, die kultuur en die tegniek opgelei word. Met een woord, die universiteit het tans die roeping om vir almal alles te wees.

Die moderne universiteit is eintlik 'n klein univers op homself. Dit moet alles aan almal gee, dit moet alle wetenskap en kuns, alle kultuur en tegniek omvat, dit moet doseer en navors, dit moet organiseer en administreer, dit moet eintlik 'n volledige onafhanklike „staat" wees. Daarom dra die universiteit (afgesien van die kerk) vandag groter verantwoordelikheid as enige ander instelling in die volkslewe met die enkele uitsondering van die burgerlike staat self. Dit is verantwoordelik vir die verskaffing van alle vorme van hoër onderwys, dit moet die grondslae maar ook die tegniese kennis vir alle professies verskaf, dit moet die wetenskap uitbou deur selfstandige en omvattende navorsing, dit moet die kennis op allerlei gebied van die wetenskap ingesamel saambind, dit moet alle kennis waardeer en sy plek nie alleen in die wetenskap nie maar ook in die tegniek en die praktiese lewe vasstel, dit moet die leiers vir alle hoër lewensloopbane vorm en oplei, dit moet die hele ekonomiese en sosiale lewe bedien, dit moet vandag selfs die verantwoordelikheid van alle sogenaamde volwassene-onderwys op hom neem.

Met reg kan ons hieruit aflei dat die taak van die universiteit nie alleen groot verantwoordelikheid op die doserende personeel van die inrigting lê nie maar ook besonder hoë eise stel aan die navorsende sowel as aan die administratiewe personeel. Dit is geen ligte verantwoordelikheid nie. Raad en Senaat en Administrasie moet saam op die mees doeltreffende en ekonomiese wyse saamwerk.

Die aandrang op die moderne universiteit kom van alle kante, van die een uiterste tot die ander.

Daar word gesê dat die universiteit hom moet toespits op grondslae, op deurdenking, op integrasie van alle kennis—sy wese moet gekenmerk word deur die filosofiese. Aan die ander kant kom die eis dat die universiteit prakties, ja selfs utilisties moet wees—dit moet vir die enkeling en die gemeensap nuttige kennis en vorming gee. Daar word gesê dat dit sy funksie ten volle kan vervul as dit apart van die lewe staan, maar ook word gesê dat dit sy volle aandeel aan die lewe moet hê, dat dit 'n inherente deel van die geheel moet wees. Daar word gesê dat dit altyd en maar weer altyd diens moet lewer, ja die gestalte van 'n dienskneg moet aanneem, en daarteenoor word geëis dat dit in al sy denke en handel volkome vry, outonoom moet wees.Daar word gesê dat die ware universiteit 'n algemene breë vorming aan die student moet gee, maar daarteenoor word gehandhaaf dat die betekenis van die universiteit juis daarin geleë is dat dit in sy onderrig en navorsing toegespits moet wees, dat dit gespesialiseerde vorming aan die student moet gee—nie die Jan van alle ambag nie maar die meester op sy eie gebied is die ideaal!

2.

Dit is die probleem van die universiteit in die tweede helfte van die twintigste eeu.

En nou mag ons wel vra wat die universiteit te doen staan om aan sy hoë roeping te voldoen.

Op die vraag wil ek 'n antwoord vanuit vier gesigspunte probeer gee, en op een daarvan die nadruk lê.

Om aan sy hoë roeping te voldoen, (a) moet die hedendaagse universiteit weereens tot sy doelstelling deurdring en moet dit die hoogste peil van onderrig en navorsing handhaaf, (b) moet die hoogste eis by die benoeming van personeellede wetenskaplike en pedagogiese bekwaamheid en geskiktheid wees en moet die beste gebruik van elke lid van die personeel gemaak word, (c) moet daar onderlinge samewerking en integrasie binne die verskillende hoofafdelings wees en moet die administratiewe beheer en leiding ekonomies en doeltreffend wees, en (d) moet die omvang van die werksaamhede, doserend en navorsend, binne vaste perke bly (die toekoms).

Oor meeste van die vraagstukke is daar in die verlede al baie gedink en selfs geskryf. In hierdie studie wil ek my aandag gee veral aan die moeilikste van alle probleme, naamlik die weg van toekomstige groei en ontwikkeling. Ek kan die probleem ook stel as 'n probleem van verdieping en besinning teenoor verbreiding en vervlakking. Ek kan die vraag ook so stel in die lig van die stelling aan die begin neergelê: moet 'n universiteit alles vir almal wees? Die gedagte kan ook so gestel word: moet 'n universiteit nie juis sy omvang van bedrywigheid beperk en vasstel nie?

Oor die eerste groep eise wil ek net 'n' paar algemene opmerkings maak, om dan die meeste aandag en die toepassing te gee in verband met die „alles vir almal"-idee of -ideaal, met die oog op toekomstige ontwikkeling.

Elke universiteit moet hom ten volle rekenskap gee van wat dit beoog: fundamentele of utilistiese onderrig, 'n breë of beperkte vorming, onderrig of navorsing, gebondenheid of vryheid, vermeerdering of integrasie van ons kennis. Dit moet hom rekenskap gee veral van sy standpunt: wil dit die wetenskap sogenaamd objektief doseer en uitbou of is sy wetenskapsbeoefening gefundeer in 'n vaste lewens- en wêreldbeskouing? 'n Universiteit wat die naam van universiteit werd wil bly, moet die hoogste eise van bekwaamheid en geskiktheid stel aan sy doserende en navorsende personeel. 'n Man van beginsel is sonder meer nie vir 'n universiteit die geskikste persoon nie: die universiteitsman moet oortuiging met geleerdheid paar. En as 'n universiteit eenmaal 'n groep bekwame personeellede het, moet dit sorg dat van elkeen die beste diens verkry word: die regte man moet op die regte plek wees! Maar groot spesialiste verloor hul eintlike betekenis as hulle net in een donker vertrekkie aan een klein probleempie werk. Die verskillende spesialiste moet mekaar oor en weer bevrug. Die geskiedkundige moet die letterkundige, die wiskundige, die natuurkundige, die filosoof die ekonoom ensovoorts oor en weer ken, help, steun, aanmoedig, lei en rig. Manne van verskillende spesialismes moet in 'n span saamtrek om die wa van die universiteit glad te laat beweeg—vorentoe en hoër!

### 3.

As dit alles so is, dan bly nog die netelige en brandende vraag oor: alles vir almal, of nie?

Alles-vir-almal beteken kortweg dat die universiteit sy vlerke so breed uitsprei dat dit alle rigtinge, alle vertakkinge, alle afdelings van wetenskap en professie kan of wil omvang. Geen enkele student mag

geweier word op grond van sy spesifieke behoefte of begeerte nie. Net wat die menslike gees mag verlang, moet in die raamwerk van die universiteit se bedrywighede inbegryp wees.

In meer besonderhede gestel beteken die stelling die volgende: (a) 'n onbeperkte aantal „leervakke" of studierigtings of vakwetenskappe, 'n onbeperkte aantal studente, 'n onbeheerde verspreiding van inskrywings oor alle leergange, (b) 'n onbeperkte voorsiening vir doseerlokale en laboratoria en vir huisvesting van studente wat nie lokaal woon nie, en (c) 'n onbeperkte voorsiening aan doserende en navorsende en administratiewe personeel.

Alles-vir-almal is eenvoudig onmoontlik. Geen enkele inrigting kan alles aan almal gee nie.Die eis of beginsel van beperking bestaan sommer a priori. En die probleem vir elke inrigting is maar net: die mate of omvang van beperking.

Ons kan nou elk van bostaande besonderhede ondersoek.

'n Onbeperkte aantal studierigtings of studievakke is om twee essensiële redes onmoontlik en onwenslik: administratief sal dit ondraaglik vir enige inrigting wees, en vakwetenskaplik sal dit voer tot middelmatigheid. 'n Universiteit sal só groei tot 'n logge en onbeheerbare liggaam. En, al soek 'n inrigting van hoër onderwys na 'n breë algemene grondslag of fondament, sy hoogste bydrae lê tog in sy spesialismes. Geen enkele inrigting kan in alle rigtings of vakke spesialiseer nie. Dit is duidelik dat elke inrigting hom moet beperk tot sekere spesialismes. 'n Onbeperkte aantal studente word organisatories en administratief maar ook pedagogies onmoontlik en onwenslik. Hoe groter die aantal studente, hoe losser die verbondenheid en hoe minder die persoonlike kontak en kennis.

'n Onbeperkte voorsiening van terrein en geboue is bo die kragte van enige inrigting, finansieel en andersins. Omdat 'n universiteit outonoom wil bly, moet dit tot die gewenste mate selfstandig bly ook ten opsigte van voorsiening van terrein en geboue. Uiteraard is elke inrigting ook gebind aan 'n beperkte lokaliteit!

En 'n onbeperkte voorsiening van personeel is eweneens onmoontlik en selfs onwenslik. Manne en vroue wat geskik is vir werk aan 'n universiteit, is maar dun gesaai. Hulle is en bly 'n keurbende, is en bly nooit die massa nie. 'n Onbeperkte groei en uitbreiding van 'n universiteit moet op die duur voer na middelmatigheid in personeel.

Daar is dus wel grense wat geld. Elke universiteit moet homself ten volle rekenskap gee van die moontlikhede en wenslikhede van sy toekoms-

tige groei en ontwikkeling, ook en veral ons eie Inrigting met sy spesiale roeping en plig, aard en karakter. As daar ooit 'n inrigting is ten opsigte waarvan die ou gesegde „die geleerde maak die inrigting" grondwaarheid is, dan is dit die P.U. vir C.H.O.

Sy groei en ontwikkeling word beslissend bepaal deur sy gees en rigting. En dit word so bepaal in minstens twee belangrike opsigte: die kwaliteit van sy personeel en die gees en rigting van sy werk. Finansiële en bloot administratiewe oorwegings is van ondergeskikte belang.

Om die wetenskap te onderrig en uit te bou in die lig van die geopenbaarde waarheid, vereis groot geleerdes wat gelyktydig oortuigde gelowiges is. Sulke manne en vroue is maar skaars. Vrysinnige wetenskaplikes is daar baie, en innige gelowiges met min wetenskaplkie vorming is daar nog meer. Hierdie feit beperk die uitbreiding van hierdie Inrigting skerp: Geen nuwe weg van die wetenskap kan geopen word sonder die gelowige, geleerde gids nie: liewers geen nuwe rigting of vak nie as een sonder die regte man en dan wel met die verkeerde man!

Om die wetenskap te onderrig en jong mense op te lei vir die beoefening van die Christelike wetenskap, vereis heel in die besonder voortdurende, persoonlike kontak tussen dosent en student. 'n Gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing groei alleen uit intieme geesteskontak. 'n Universiteit waar die aantal studente steeds toeneem, word al gou onpersoonlik. Die trots van 'n Christelike universiteit moet juis wees die persoonlike omgang tussen mens en mens: student en dosent mag nooit vir mekaar koue nommers word nie maar altyd warm mense bly.

Om ware Christelike universiteit te bly, sal ons Inrigting m.i. nooit te groot kan word wat sy aantal studente en aantal dosente betref nie. Daar is 'n optimale maksimum, wat egter nie so maklik vasgestel kan word nie. En dan laat ek volkome eenkant die finansiële draagkrag en die administratiewe moontlikhede.

En as ons ons aantal studente en dosente moet beperk, moet ons m.i. vanselfsprekend ook ons aantal studierigtings en -vakke beperk. Al sou ons nog alle rigtings en vakke kon bekostig en administreer, sou beperking ter wille van ware opvoeding vereiste bly.

Ten slotte is en bly selfs 'n universiteit 'n opvoedingsinrigting. En dit geld heel in die besonder vir die P.U. vir C.H.O.: dit moet kennis oordra, dit moet kennis vermeerder deur naarstige ondersoek, dit moet oplei vir een of meer professies, maar bowenal moet dit mense in God vorm

—dit moet opvoed. En nou leer die lewe en die geskiedenis ons dat daar optimale maksima en minima is vir alle ware opvoeding: te klein en te groot gaan nie op nie!

4.

Ek wil nou probeer toepas, en wel op ons eie Universiteit, en dan moet ek oorweeg of ons nou maar in aantal moet groei sonder paal en perk.

Om 'n toekomsbeleid te stel is dit nodig dat ons in die geskiedenis terugkyk, want die verlede en die hede bepaal tog altyd die boustowwe en -moontlikhede vir die toekoms. Ek wil my maar bepaal tot die groei van ons universitêre inrigting.

Dit is in 1921 as saamstellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer as die Potchefstroomse Universiteitskollege.

Die gegewens wat hier gegee word, is verstrek in die amptelike Jaarboeke van die P.U.K. Om 'n beeld van die groei en ontwikkeling te kry gebruik ek hier die gegewens uit die Jaarboeke vir 1922, 1932, 1942 en 1952. Die Jaarboeke gee besonderhede oor die aantal leerplanne, studente en doserende personeel. Dit is ook moontlik om die aantal vakwetenskappe en hul afdelings te tel. Daarby moet gevoeg word dat daar vir meeste vakke drie leerplanne (en selfs meer) gegee word: bv. vir Aardrykskunde is daar drie voorgraadse en twee nagraadse leerplanne (B.A. I, II, III, Honns. B.A. en M.A.), vir Ekonomie is daar selfs alternatiewe leerplanne vir B.A., B.Soc.Sc., vir Engels alternatiewe leerplanne vir B.A., B.Comm., B.Soc.Sc. By die samestelling van die gegewens vir ons doel hier word egter van hierdie fynere onderskeidings geen notisie geneem nie. Wat egter wel in rekening gebring moet word, is die afdelings van saamgestelde wetenskappe soos Teologie en Opvoedkunde, wat eintlik versamelname is vir 'n groot aantal vakwetenskappe.

Met die voorbehoud in gedagte kan die groei as volg aangedui word volgens die gegewens in die vier Jaarboeke 1922, 1932, 1942, 1952.

Die aantal leerplanne: 31, 33, 54, 105.

Die aantal studente: 50, 219, 568, 862.

Die aantal dosente: 16, 20, 38, 78.

Vir 1922 is dit duidelik dat die aantal studente nie die aantal leerplanne regverdig nie; vir 1932 is die verhouding al gunstiger, vir 1942 nog beter en vir 1952 al byna optimaal. Dieselfde verbeterde verhouding tussen aantal studente en dosente het ook met die jare gekom: van 3 per dosent vir 1922 tot 11 per dosent in 1952.

Die vraag het nou aktueel geword: het die P.U. nou die optimale maksima bereik: 105, 862, 78?

Die vraag moet nou ondersoek word ten opsigte van maksimum aantal leerplanne, maksimum aantal studente per kursus, die beste verspreiding van studentetal oor die verskillende vakwetenskappe, die maksimum totale inskrywing aan die Universiteit, die beste aantal personeellede. Daarby moet in rekening kom die finansiële draagkrag van die Universiteit, die grootte van sy terrein, die draagkrag van sy geboue, sy voedingsarea (vir studente).

Laat ons maar eers met die tweede groep faktore afreken. Die P.U. vir C.H.O. is finansieel gesond maar nie sterk nie. Sy ondersteuners word nie onder die rykes en edeles gevind nie. Hulle is die soliede ortodokse middelstand. Sy terrein is redelik ruim maar glad nie onbeperk nie. Sy geboue (lesings, laboratoria, biblioteek, koshuise) is beslis ontoereikend, selfs op hierdie stadium van groei. Sy voedingsarea is die hele Suid-Afrika! Studente kom van heinde en ver, maar die toestroming is tog wel beperk deur die eie gees en rigting. Dit is hoofsaaklik ortodoks gelowige Afrikaanssprekendes wat hierheen kom en sal kom. Hierdie groep faktoree sal die groei en ontwikkeling bepaal. Maar dit is myns insiens uitwendige faktore.

Van ingrypender gewig is die inwendige faktore, die wat uit die aard van die onderrig self voortvloei en moet voortvloei. Met ander woorde die eerste groep faktore (leerplanne, studentetalle per kursus en verspreiding, totale maksimum inskrywings) moet nou in oorweging kom. Hierdie faktore is nie prinsipieel van aard nie maar duidelik empiries. Die beste aantal studiemoontlikhede, die beste grootte klas, die beste verspreiding, die beste totale inskrywing kan nie vooraf neergelê word nie maar moet eintlik langs empiriese weg vasgestel word.

Al wat hier gedoen kan word, is om ideale geskatte syfers te gee.

Die ideale maksimum vir 'n inrigting vir hoër onderwys om opvoedingsinrigting te bly, sal m.i. om en by 2,000 studente wees. En vir hulle behartiging sal die beste aantal dosente om en by die 200 wees.

Die ideale klasgrootte sal afwissel van die peil van ontwikkeling van die studente. Die drie voorgraadse jare kan as maksimum aantal per klas hê: 100, 50, 30. Die grootte van die nagraadse klasse moet ook steeds afneem tot dit by die hoogste graad op een enkele student neerkom.

Die optimale aantal „leerplanne" of vakke of vakafdelings is moeilikei om te skat. Maar vir 'n inrigting van ruim 2,000 studente met 200 dosente

kan dit nie veel meer as 150 wees nie. Die skatting word bereik deur in ag te neem die gevaar van verbreding en vervlakking. Die P.U. moet m.i. konsolideer; dit moet hom toelê op 'n beperkte aantal spesialismes. Daarom sal sy aantal fakulteite beperk moet bly, en daarom sal sy aantal vakwetenskaplike rigtings ook beperk wees.

Om aan sy hoë roeping as Christelike universiteit te voldoen, moet dit hom toelê op die vorming van Christelike geleerde leiers op die belangrikste lewensterreine. Dit moet opsetlik hom toewy aan nagraadse werk As ideaal moet dit stel 1 nagraadse vir elke 2 voorgraadse studente!

Om as inrigting vir vorming en opvoeding werklik aan sy doel te beantwoord, moet 'n universiteit aandag gee ook aan sy moeilikste taak: die verspreiding van sy studente oor die studierigtings. Kan 'n universiteit hieraan iets doen? Of moet dit die toeloop na de verskillende afdelings maar aan die keuse, soms willekeur, van die jong mense oorlaat? Kan 'n universiteit bly toesien dat die studentetal in vak A tot 400 styg, terwyl die aantal in vak Q tot 'n vyftal beperk bly? Natuurlik sal sekere „vakke" altyd 'n groot toeloop hê—ek dink maar aan die Moedertaal en die Geskiedenis. Maar 'n universiteit wat die lewe nugter betrag, sal darem moet verstaan dat daar op een of ander manier 'n verspreiding moet kom. Daarom het alle moderne universiteite 'n voorligtingsdiens wat gegrond word op twee gegewens: die natuurlike aanleg van die student en die beroepsaanvraag in die samelewing. Natuurlike aanleg is selde so spesifiek dat 'n student nou juis niks anders as 'n sekere spesialisme moet kies nie. Meeste van ons geleerde mense kon net sowel wetenskap P, Q. R tot spesialisme gekies het as wetenskap A, B, C.

Die verspreiding van die studiekeuses is op ons Inrigting selfs nog dringender as op 'n groter of veelsydiger inrigting. Om die saak skerp uit te druk, ons moet waak teen inteelt en oorteelt. 'n Kleiner inrigting, en veral een met 'n bepaalde grondslag en beginsel, moet beperking toepas nie alleen op sy totale inskrywing nie maar ook op sy vakwetenskaplike inskrywing. Te veel letterkundiges of taalkundiges, te veel historici of classici, te veel filosowe of ekonome of sosioloë, te veel pedagoë of psigoloë is net so verkeerd as te min wiskundiges, te min fisici of chemici, te min bioloë of fisioloë, te min plantkundiges of dierkundiges.

J. CHR. COETZEE.